

# WES KAAP UITHOURIT ASSOSIASIE



EPOS: wc.endurance.association@gmail.com TEL: 073 0923 782 (Antoinette de Swardt- Sekretaresse)  
Posbus 517, Riversdale, 6670

## NOTULE VAN DIE AJV 2019

### 1. Verwelkoming

Louis Botha verwelkom almal en bedank hulle vir die moeite om hierdie vergadering by te woon.

Niel Jordaan open met gebed.

Louis doen n spesiale verwelkoming aan Sylvia, president van WCEF.

Vind asb aangeheg die bywonings register.

### 2. Lief en leed

### 3. WCEF – Sylvia

SAEF and SASCOC are in good standing. They would like more school integration and development in equestrian sport. SAEF is in the process of making the membership fees more affordable. SAEF also launched a road show across the country where they will give an opportunity to equestrians to get all their questions answered.

WCEF is in a very positive place where everyone is working well together.

There are currently 18 disciplines and it is growing.

Most of the districts got funding.

Polo cross got funding to go to the World Cup which is very positive and a step in the right direction for SAEF.

Sylvia asked if WCERA is ready for Inter-district colours. She wants to point out again that it is important that the clubs belong to their district federations.

WCEF have a fundraising on the 1<sup>st</sup> of June.

Sylvia said that the AHS resolution was discussed at the WCEF AJM and received great support from all disciplines. They do however still need vets from the Western Cape to help steer this cause.

#### 4. Aanvaarding van vorige notule

DP Burger vra dat die tweede paragraaf verander na : DP *stel voor* dat stemgeregtigdes moet stem of George Klub stemreg op die vergadering het. Die sesde paragraaf moet ook verander na : DP *stel voor* dat die vergadering stem om die konstitusie te aanvaar

Op die Spesiale Algemene vergadering van 18 Mei 2018 sê Altus Hanekom dat dit nie volledige is nie. Persone wat nie die vergadering kon bywoon nie moet weet wat daar gebeur het.

Die punte wat uitgelaat is of onvolledig is:

1. Onder verskonings : Gillese de Villiers het verskoning gemaak.
2. Onder stemgeregtigdes : William van Zyl en Carel Lotz se name moet daar bykom.
3. Altus noem dat Naomi het genoem dat SAEF versoek het dat die grondwet in Engels gedoen sal word.
4. Daar was versoek dat daar gestem word oor Distriksgrense. Andre Truter was van mening dat daar nie gestem kan word oor Distriksgrense nie. Dit vorm nie deel van die grondwet nie. Die besluit was dat die Aanhangel wat die grense van die Distrikte aandui sal aangeheg word aan die Grondwet.
5. Die kwessie van die Witskrif : dit is ingestem dat dit deel van die Grondwet sal word.  
Altus sê dit gaan nie oor reg of verkeerd nie. Dit gaan net min of meer oor hoe die besprekings gevolg het.
6. Die kwessie is 'n 2/3 de meerderheid. Andrea het gese 17 stemme is 65.3% (uit 26)
7. Stemming of WCEF oral ingeskryf moet word in die grondwet. Dis met 17 stemme besluit dat dit wel ingeskryf moet word.
8. Andre het verduidelik hoe die kanale gevolg moet word.
9. Belangrik, nadat die grondwet bespreek is was daar drie voorstelle van George Klub. Altus voel twee van die voorstelle is nie belangrik en hoef ons nie verder te vat nie, maar wat wel belangrik is, is die vergadering se besluit oor die "vote of no confidence". Die vergadering het besluit dat die SAEF struktuur aangeneem sal word, wat 'n A4 bladsy is oor hoe dit gedoen word. Die besluit was dat dit weer op die Agenda sou wees vir hierdie AJV. En die pad vorentoe. Dit was nie in die notule nie, so dit sal nou nie dien nie. Hy vra dat dit genotuleer word vir voor kant toe.
10. Tydens die besprekings het Naomi 'n paar keer verwys na SAEF het goedgekeur en SAEF Legal het goedgekeur. Daar was e-posse. Daar was 'n

versoek van Simonstad Klub dat dit genotuleer word omdat hierdie korrespondensie vorm deel van die motivering oor hoekom sekere voorstelle daar was vir wysigings aan die Grondwet. Die versoek was Notuleer dit en heg die dokumentasie aan. Wanneer die voorgestelde wysigings aan die Grondwet vir verspreiding wat 21 sou lê. Dit was nie in die notule nie.

#### **5. Presidents verslag – Louis botha**

Antoinette neem die stoel en stel Louis Botha aan die woord.

Sy presidents verslag word baie goed aanvaar. (Vind asb aangeheg)

#### **6. Finansiële verslag**

Die finansiële verslag word uitgestel tot Junie maand agv die oor handiging van Amanda na Carike.

#### **7. Veearts verslag – William van Zyl**

Altus stel voor om te aanvaar

Naomie sekondeer

William lig n paar statistieke uit:

Slegs 2.2% van WCERA ruiters neem deel aan 160kms. Dit maak dit finansiële baie moeilik vir die klubs om 160km's aan te bied. Daarom moet ons groot waardering hê vir hulle moeite en bereidwilligheid.

- Die uitval persentasie in die Wes-Kaap is slegs 14,5%.
- 30 perde pj val metabolies uit wat baie laag is.
- Lig gewigte val die meeste uit.
- 38% van die 160km's val uit.

William sê dat die vervoer van perde na vêr ritte soos Fauresmith en SAIC 'n probleem is.

Op dag 3 val die himatokrit en dit herstel eers daarna.

Die ruiters moet hulle perde vroeër by die rit kry sodat hulle tyd het om te herstel.

Hy stel voor dat daar 'n praatjie deur kundiges aangebied word rakende die onderwerp.

Hy sê ook dat die kostes van die veeartse word telke male opgebring. Hy verduidelik dat die rit organiseerders die veeartse as professionele entiteit moet respekteer. Hulle het selde naweke af en dan op daardie af naweek moet hulle dalk by 'n rit werk. .

Rit organiseerders, veral die wat FEI ritte reel moet seker maak dit val nie op n veearts kongres nie.

Antoinette bedank graag die Wes Kaap veeartse vir hulle bereidwilligheid om enige oproep van ruiters te neem en hulle te help.

**8. Ritmeester verslag – Antoinette van der Walt**

Ryno stel voor om die verslag te aanvaar  
Hennie sekondeer

**9. Grondwet wysigings**

Eenparig aanvaar

**10. Spanbestuurder verslag Fauresmith 2018 – William van Zyl**

Ryno stel voor om die verslag te aanvaar  
Naomi sekondeer

Antoinette vd Walt sê dit was n voorreg om vir William te help. Sy bedank ook die ruiters. Weskaap het baie goed gevaar en die ruiters het WCERA se naam baie trots uitgedra.

Antoinette bedank ook vir Riaan vir sy hulp met die kies van die spanne.

**11. Spanbestuurder verslag SAIC 2019 – Antoinette van der Walt**

Hennie stel voor om die verslag te aanvaar.

Ryno sekondeer

Antoinette sê dit was n groot voorreg. Sy bedank vir Riaan en sê sy besef nou eers watter groot werk dit is om alles te reel.

Sy plaas klem op die situasie van kwarantyn was baie sleg is vir ons perde en ruiters.

Altus vra dat die bestuur moet gaan ondersoek instel oor die hoë uitval persentasie van die WCERA spanne. Hy sê so sal ons dan ook kan vas stel wat ons kan doen om die Wes Kaap perde te kan verbeter.

Louis sê hy glo volgende jaar sal beter gaan en hy sal inkyk rondom verbetering.

Marelise se daar moet meer navorsing gedoen word rondom die baan wat gery word. Dalk mense se raad vra wat reeds daar gery het.

Niel se die spanne moet streng volgens kriteria gekies word.

**12. Aanwys van spanbestuurder Fauresmith 2019**

Louis vra vir voorstelle

Antoinette se dit neem geweldig baie tyd in beslag en sy sal dit ongelukkig nie weer kan doen nie.

William stel vir Riaan voor Riaan se hy sal daarvoor dink en later terugvoering gee.

**13. Aanwys en bespreking van kommittee verantwoordelik vir deurlopende ranglyste vir WCERA**

???

**14. Vordering in sake AHS committee**

Sylvia sê dat WCEF die mosie dryf.

William sit klem daarop dat die AHS mosie nie gedryf word deur WCERA nie maar deur WCEF.

Sylvia se dat daar n streng klousule is rondom 'Fair play ground' en dat hulle daarop sal fokus.

**15. Kriteria vir ruiter en perd van die jaar**

William stel voor die kommittee kom tot 'n besluit.

Daar moet 'n epos na die lede uitgaan wat die kriteria soos hy tans is bekend stel en dan moet hulle insette gevra word rondom nodige wysigings.

Riaan sê ons kan nie die gewysigde kriteria van 2019 gebruik vir die jaar se prysuideling nie, want die ruiters ry volgens die 2018 kriteria.

Louis sê dat die voorsitters van die klubs verantwoordelik is om te sê as hulle nie tevrede is nie, want hulle is wel ook die keurkommittee

Niel vra wanneer mag die keurkommittee "lenient" wees?

Riaan se slegs volgens kriteria

**16. Span Kriteria**

Riaan sê WCERA kan nie in Februarie n kriteria verander vir dieslefdde jaar se SAIC spanne nie. Die ruiters berei hulle die vorige jaar voor vir die kriteria soos dan bestaan.

Hy voel sterk dat dit moet bly by ruiter en perd kombinasies. Plaaslik moet die ruiter eers die afstand gedoen het voor hy/sy in 'n span kan ry met dieselfde afstand.

Hy voel die kriteria word verkeerd verstaan en dat 'n Wes Kaap span slegs gekies kan word met ruiter en perd kombinasies in aanmerking.

William sê hy was die groot dryf agter die kriteria wat moet verbreed.

BV as daar slegs 2 HW ruiters beskikbaar is dan kort hulle beskikbare ruiters om die span vol te maak sodat die 2 hw ruiters op kriteria wel 'n kans gegun

word om span te ry. Dus voel hy daar moet 'n minimum vereiste ook in die kriteria ingeskryf word.

Hy wou weg beweeg van die ruiter en perd kombiansies. Trek eerder 'n verdienste lyn om spanne vol te maak.

Maar hy voel ook jy kan nie net enige ruiter op die bepaalde rit in die span sit nie.

Antoinette sê dat die klub voorsitters in die verlede gevra is vir die ruiter inligting. Daar moet gewerk word aan 'n databasis, sodat ruiters wat aan die kriteria voldoen geïdentifiseer word en gekontak word om vas te stel wie aan 'n kompetisie gaan deelneem.

Naomi se AHS maak ook ons getalle min.

William sê WCERA moet nie 'n president skep nie. Daar moet baie duidelike lyne wees en by die kriteria gehou word.

'Leniency' is baie gevaarlik. Hê duidelik riglyne.

Louis sê dit is die rede vir die kommittee om ruiters uit te wys.

Ryno sê ons moet ster status aan ons ruiters stel. So doende sal WCERA daardie top ruiters op ander top perde kan sit. N Ruiter wat dit moontlik finansieël ook kan bekostig.

Antoinette sê ons moet eerder borge soek vir ons ruiters.

Louis en William stel voor die bestuur sit om n tafel en verpak hierdie kwessie van kriteria en die kies van spanne saam met die klub lede.

#### **17. Nominasies van ERASA Kommittee**

Die nominasies moet by WCERA inwees op die laaste die 31ste Mei.

Enige lid kan deur enige lid genomineer word.

Op die ERASA web tuiste is die nodige nominasie vorm. Voltooi dit en stuur asb aan WCERA sekretaresse. Enige mosies vir die ERASA AJV moet ook asb aan die WCERA sekretaresse gestuur word waar die bestuur dit dan sal bepreek.

#### **18. "Body scoring" van perde**

Ryno se hy het emails gekry van 2 lede wat vra of WCERA bestuur nie asb iets kan doen rondom die perde wat te maer of vet by uithouritte deelneem.

Louis vra dat Ryno dit asb sal indien as 'n mosie.

#### **19. AHS – Deelname aan ritte binne 'controlled zone' sonder dat die perd ingeënt is teen AHS.**

Ryno se die aard van sy werk maak dat hy sien hoeveel perde neem deel in die controlled zone sonder inenting.

Antoinette vra dat hy asb statistiek en bewyse bring en dit as n mosie indien.

**20. ERASA AJV 2019 Fauresmith – Mosies**

Die twee mosies wat sal dien is soos op die AGENDA van die AJV van ERASA

**21. Afsluiting**

Louis bedank weer almal wat teenwoordig. Altus bedank vir Louis en se dankie vir die heerlike eetgoed.

Die vergadering verdaag.